

1	GEBED
----------	-------

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute) [STILTETYE] LUKAS 8:1 – 11:28
----------	---

Maak beurte en vertel/deel (of lees) kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Lukas 8:1 – 11:28). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (5 minute) [CHRISTELIKE HUWELIK] TITUS 2:4-5
----------	--

Repeteer twee-twee.

(3) Liefhê en onderwerp. Titus 2:4-5. “Sodat hulle die jonger vrouens kan leer om liefdevol teenoor hulle mans en kinders te wees, verstandig en kuis, goeie huisvrouens, onderdanig aan hulle mans. Dan sal die woord van God nie in diskrediet kom nie.”

4	ONDERRIG (85 minute) [KERK OPBOUENDE BEDIENING] OPLEIDING VAN KINDERS IN DIE CHRISTELIKE GESIN
----------	---

Inleiding. Hierdie onderrig gaan oor die opleiding van kinders en wat die verantwoordelikhede van ouers is by die opleiding van hulle kinders. ‘Opleiding’¹ beteken om die kind fisiese, intellektuele, emosionele, sosiale, morele en geestelike onderrig en oefening te gee. Vergelyk ook handleiding 7 supplement 9 oor “Dissiplinerings van kinders in die christelike gesin.”

Ouers kan moedeloos word as hulle al hierdie reëls in die Bybel lees. Miskien voel hulle dat hulle glad nie goeie ouers is nie of dat hulle nooit al hierdie reëls in praktyk kan toepas nie. Die bedoeling van hierdie opleiding is nie om ouers moedeloos te maak nie, maar juis om ’n riglyn te gee hoe om hulle kinders ’n goeie opleiding te gee. Geen ouer in die wêreld is volmaak nie. *Die meeste ouers begin eers oor die opvoeding en opleiding van kinders na te dink as hulle hul eerste kind kry.* En die meeste ouers is onervare wanneer hulle met opvoeding en opleiding begin.

Moenie wag met opvoeding en opleiding totdat jy dink dat jy ’n volmaakte ouer kan wees nie. God gee jou kinders om ook jou te ontwikkel en ervarings te gee. God gee jou ook die genade om hulle op te voed, op te lei en te dissiplineer. Daarom, as jy ’n ouer is, kies één aspek van opvoeding, opleiding of dissipline en konsentreer op daardie aspek totdat jy dink dat die kind dit geleer het. Gaan dan voort met ’n tweede aspek. Bely jou afhanklikheid van God en sy genade by die opvoeding, opleiding en dissiplinering!

Spreuke 22:6 sê: “Gee leiding aan (oefen) ’n jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy al oud is nie daarvan afwyk nie.” Die woord ‘oefen’ beteken om die kind te bring op die pad wat God wil hê dat hy sal volg. Dit beteken om die kind te onderrig en te oefen om die onderrig toe te pas in die praktyk. Die onderrig van ’n ouer is nog nie dieselfde as opleiding (oefen, afrig) nie en die luister van die kind is nog nie dieselfde as leer nie!

Die boer laat die wingerdstok nie groei deur hom *te vertel* hoe hy behoort te groei nie. Die natuur is baie sterker as bloot teorie! Die boer moet die wingerdstok daaglik versorg: die ranke snoei en sodoende inperk, en pale plant en drade tussenin span om die ranke te lei op die pad wat hulle moet groei. Jaarliks moet die boer die wingerdstok snoei en alle dooie ranke uitsny en verbrand om plek te maak vir die ranke wat vrug dra. Op dieselfde manier moet ouers planne maak hoe om hulle kinders op te lei (te onderrig en te oefen) sodat hulle ontwikkel op die weg wat God wil hê dat hulle moet gaan. Hulle moet hulle soms snoei en inperk, dissiplineer en stimuleer d.m.v. gesonde oefening en veral aanmoediging om te groei.

A. OPLEIDINGSMETODES

Lees 1 Korintiërs 11:1; Efesiërs 3:20; Efesiërs 6:4; Kolossense 3:21 (let op die woorde: vertoorn, tug en vermaning, opstandig word). Galasiërs 6:7-8; Spreuke 10:17.

¹ Engels: training

Onderrig. Vier praktiese metodes om kinders op te lei, is die volgende:

1. Gee die voorbeeld en bid vir die kind.

Dit is nutteloos om 'n kind waarhede te leer wat die ouers nie sêlf toepas/beoefen nie! Hierdie soort skynheiligheid frustreer kinders! Die beste gewoontes word nie geleer deur instruksies te gee nie, maar word deur die kind se observasie van 'n goeie voorbeeld opgetel/opgevang en deur dinge saam te doen! Daarom moet ouers hulleself oplei ten einde hulle kinders te kan oplei. En omdat ouers gou besef dat hulle hierin God se hulp nodig het, gee hulle al 'n goeie voorbeeld van hulle afhanklikheid van God deur te bid. En as ouers bid, sal God baie meer doen as wat die ouers kan bid of dink/verwag (Efesiërs 3:20)!

2. Onderrig die kind in die Bybel.

Opleiding bestaan eerstens uit goeie onderrig in die waarheid. 'n Kind moet *kennis* ontvang oor die waarheid soos dit in die Bybel geopenbaar is. Die waarheid in die Bybel bestaan uit die belangrikste geloofsoortuigs, waardes en norme wat God wil hê dat ons sal hê. Ouers moet die Bybel gebruik om onderrig te gee en om antwoorde te vind op die vrae van die kind. Wys die kinders dat die Bybel op die belangrikste vrae in die lewe heel goeie antwoorde gee.

'n Kind moet hierdie waarhede (kennis) ook *begryp*. Hy moet *insig* kry in wat belangrik is en waarom dit belangrik is. Hy moet *wysheid* leer hoe om iets goed te doen, wanneer om dit te doen, wat die beste manier is om dit te doen en aan wie hy dit moet doen. Ouers moet die Bybel gebruik om die waarheid te ontdek, tot gehoorsaamheid aan te spoor en praktiese gewoontes aan te leer.

3. Lei die kind om goeie gewoontes te ontwikkel.

Oefening is nodig om goeie gewoontes te ontwikkel. 'n Kind moet leer om die waarheid te gehoorsaam of toe te pas in sy eie lewe. Toepassings word in drie fases aangeleer:

- Eers leer die kind om die voorbeeld van sy ouer na te volg wanneer sy ouer dit saam met hom doen.
- Daarna leer hy om die waarheid alleen te doen, maar wel onder toesig en die begeleiding van sy ouers.
- Laastens leer hy om die waarheid as sy eie gewoonte te doen sonder enige toesig (behalwe die toesig van God).

'n Kind het sy ouer as 'n mentor/afriigter/begeleier nodig en hy het ook baie aanmoediging en bemoediging nodig. Sy ouers spoor hom aan om te volhard totdat hy sy doel bereik. Wat die inoefening van gewoontes betref, moet die ouers en die kind besef dat 'vryheid' altyd grense het. Vryheid sonder grense is losbandigheid. Daarom moet ouers hul kinders beskerm teen te veel keuses op dieselfde tydstip. Ouers moet ook nooit hulle kind met 'n ander kind vergelyk nie, omdat God alle kinders verskillend van mekaar gemaak het. Om die kind met ander kinders te vergelyk is baie demoraliserend. Ouers kan hulle kind beter motiveer en sy vorderings aanprys deur o.a. gepaste belonings wat nie vooraf beloof was nie, te gee.

4. Korrigeer en dissiplineer die kind as hy die verkeerde weg inslaan.

Opleiding (oefening) bestaan ook uit korrigering en dissiplinerig/straf. Dit spoor 'n kind aan om voort te gaan om die weg wat hy moet gaan. Vergelyk supplement 9. Wat dissipline betref moet 'n ouer onderskeid maak tussen:

- enersyds die behoefte van die kind vir bevestiging van hulle liefde
- en andersyds sy rebellie teen gesag.

Spreek 10:17 sê: "Wie hom laat leer, ken die pad na die lewe; wie teregwyding verwerp, dwaal van die pad af."

B. DIE BELANGRIKE GEBIEDE IN OPLEIDING

Inleiding. In Lukas 2:52 lees ons: "En Jesus het verstandelik en liggaamlik gegroei en in guns by God en die mense toegeneem."

God beskou die volgende fasette as belangrik:

- 'Wysheid' (ANV: verstandelik) is die gebied van kennis en die toepassing van kennis in verskillende lewensomstandighede.
- 'Liggaamlik' is die gebied van fisiese ontwikkeling.
- 'Guns by God' is die geestelike gebied.
- 'Guns by mense' is die sosiale gebied.

Die emosionele gebied word nie afsonderlik genoem nie, maar is onlosmaaklik verbind aan die ander gebiede.

Die fasette wat in Lukas 2:52 genoem word, is baie groot en kan nie volledig in hierdie studie behandel word nie. Ons gaan die volgende fasette bestudeer: gehoorsaamheid, respek, wandel met God, selfbeheersing en verantwoordelikheid. Hierdie fasette is absoluut noodsaaklik vir die gesonde ontwikkeling van 'n kind.

1. Voed die kind op om te gehoorsaam.

Lees Efesiërs 6:1.

Ontdek en bespreek. Waarom is dit so belangrik om 'n kind te leer om gehoorsaam te wees aan dit wat reg is?

Aantekeninge. 'n Belangrike opleidingsfaset is om 'n kind te leer om sy ouers te gehoorsaam. Efesiërs 6:1 beveel: "Kinders, wees as gelowiges aan julle ouers gehoorsaam, want dit is wat die wet van God vereis." Dit is die eerste en

belangrikste waarheid wat ouers vir hulle kinders moet aanleer! Dít is die sleutel om die kind ook te leer om andere te gehoorsaam: bo alles vir God/Christus, sy onderwysers, die owerheid, sy werkgewer en die ouderlinge in sy gemeente. Gehoorsaamheid is die sleutel vir 'n goeie opvoeding en 'n goeie opleiding. Kinders word nie beveel om hulle ouers te gehoorsaam omdat die ouers (letterlik:) 'in die Here' (Christene) is nie, maar omdat die kinders 'in die Here' (Christene) is! God wil hê dat kinders hulle ouers gehoorsaam, selfs al is hulle ouers nie-Christene of ongelowig. Daarom is dit reg in die oë van God om ouers te gehoorsaam.

As 'n kind geleer het om sy ouers te gehoorsaam in alles wat goed en reg is, is hy ook in staat om die ander aspekte in die opvoeding en opleiding aan te leer. Hy sal later begryp wat dit beteken om God en ook die ander gesagsverhoudinge wat oor hom aangestel is te gehoorsaam (Romeine 13:1-2). Maar as 'n kind nie geleer word om sy ouers te gehoorsaam nie, kan hy nie opgevoed word in enigiets anders behalwe wat sleg en verkeerd is nie. Gehoorsaamheid is die sleutel om goeie gewoontes en 'n goeie lewensstyl aan te leer wat God behaag, ouers te eer en 'n positiewe bydrae te lewer om sy land op te bou!

As 'n kind in sy eerste jare nog nie van sy ouers gehoorsaamheid geleer het nie, is dit beter om dit laat te begin, as nooit nie. Sy ouers moet bely dat hulle in gebreke gebly het om hom (die kind) gehoorsaamheid te leer en tot God bid dat Hy hulle nalatigheid sal vergewe. God sal die ouers vergewe en wysheid gee om dadelik te begin om die kind gehoorsaamheid te leer. As die ouers nalaat om dissipline toe te pas en die kind se opstandigheid bly verdra, dan lei hulle hul kind op in ongehoorsaamheid, rebellie en uiteindelik kriminaliteit!

Ouers moet hulle kind help om aangename en opbouende aktiwiteite te ontwikkel, anders verval hy weer in kwaad doen en selfs kriminele aktiwiteite. Lei hulle op deur hulle verantwoordelikhede in die huis en in die familie bedryf te gee en verwag gehoorsaamheid van hulle. Prys hulle onmiddellik aan as hulle gehoorsaam is. En as die kind nie onmiddellik gehoorsaam is nie, gee hom 'n keuse tussen twee alternatiewe, maar tree op, anders moedig jy hom aan om steeds ongehoorsaam te wees. Hy moet leer dat ongehoorsaamheid onmiddellik onaangename gevolge vir hom het. As die kind egter aarsel om te gehoorsaam omdat hy bang of onseker is, dan het hy aanmoediging en hulp nodig totdat hy genoeg selfvertroue het om op sy eie (alleen) te gehoorsaam.

2. Voed die kind op om sy ouers (en ander ouer persone) te eerbiedig.

Lees Efesiërs 6:2-3.

Ontdek en bespreek. Hoe kan 'n kind sy ouers op 'n praktiese manier eer?

Aantekeninge. 'n Kind moet leer om sy ouers (en ander ouer persone) te eer en met respek te behandel.

'Eer' beteken om iemand sonder aarseling, selfsugtige motiewe of vrees hoog te ag, aandag te skenk en lief te hê. Die volgende drie maniere help kinders om hulle ouers te eer:

'n Kind eer sy ouers deur nie met hulle te argumenteer of te baklei nie.

In plaas daarvan moet 'n kind leer om sy standpunt (mening, oortuiging) op 'n kalm manier te stel en dan God te vertrou dat Hy dit verder sal uitwerk op 'n manier wat Hóm tevrede stel. Die kind toon hiermee dat hy in God se soewereiniteit glo. Kinders moet nooit oor hulle ouers (of oor ander mense) skinder nie, want "wie 'n saak bly ophaal, bring verwydering tussen vriende" (Spreuke 17:9)!

'n Kind eer sy ouers deur na hulle suggesties en advies te luister en dit ernstig te neem.

Die Bybel sê dat 'n kind waarheid, wysheid, selfbeheesing en insig van sy ouers moet kry (Spreuke 23:23). Terwyl hy nog die geleentheid het, moet die kind wil leer uit die vele jare se lewenservaring en wysheid wat sy ouers bymekaar gemaak het.

'n Kind eer sy ouers deur hulle in sy gewone lewe in te sluit.

2 Korintiërs 6:11-13 sê vir Christene "maak julle harte ook wyd oop" vir mekaar. 'n Kind behoort die inisiatief te neem om met sy ouers gesprekke te hê. Hy moet leer om vrae aan hulle te stel. Hy kan oor sy verskillende aktiwiteite met hulle praat – wat hy op skool geleer het, wat hy in sy werk doen en wat daar in die wêreld gebeur. Hy kan met hulle praat oor sy verhoudings: wie sy vriende is, hoe hulle met mekaar omgaan en wat hy in die kerk/gemeente oor God leer. Hy moet leer om met sy ouers oor sy geloof in God/Christus, sy gedagtes, gevoelens en planne te praat. Christenouers kan natuurlik ook in al hierdie punte die inisiatief neem om die gesprek te begin en 'n voorbeeld aan hulle kinders gee. As Christenouers nie hulle harte vir hulle kinders oopmaak nie, hoe kan hulle verwag dat hulle kinders hulle harte vir hulle ouers sal oopmaak?

3. Leer die kind om saam met God te leef.

Ontdek en bespreek. Hoe kan ouers hulle kind op 'n praktiese manier leer om saam met God te leef?

(1) *Lees Deuteronomium 6:6-9; 32:46.*

God leer ouers om God se woorde in die verstand van hulle kinders 'in te prent' (in te graveer). Hy sê verder, "Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daarvoor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan." Ouers moet die kinders leer dat die woorde van God hulle gedagtes, hulle woorde, hulle dade en die atmosfeer in hulle huis moet bepaal! God sê vir Christene: "Neem al die woorde waarmee ek julle vandag vermaan het, ter harte. Julle moet julle kinders beveel om dit te gehoorsaam en te lewe volgens hierdie hele wet."

(2) *Lees Romeine 13:1-5; Handeling 5:29; 1 Petrus 2:19.*

God het aan ouers die verantwoordelikheid gegee om hulle kinders op te voed om God te ken en te gehoorsaam. Geen regering in die wêreld het die reg om ouers te verbied om dit te doen nie! Die rede hiervoor is dat God Sêlf as Opperwese alle gesagsinstellings (owerhede) spesifieke verantwoordelikhede gegee het en beperkte gesag om die verantwoordelikhede ook uit te voer. As 'n regering aanspraak maak op totalitêre gesag en Christene dwing om dinge te doen wat God verbied of Christene verbied om dinge te doen wat God gebied, dan moet Christene hierdie regering op eerbiedige wyse weerstaan. Alle regerings/owerhede in die wêreld is uiteindelik verantwoordelik aan God en moet verantwoording doen aan die God van die Bybel!

(3) Lees 2 Timoteus 1:5; 3:15-17.

Die Bybel is die belangrikste boek van alle boeke wat kinders deur hulle hele lewe moet bestudeer. Die Bybel gee aan mense kennis hoe om behou (gered, verlos) te word. Die Bybel leer hulle waarheid en hoe om regverdig te leef. Die Bybel maak kinders volwasse en rus hulle toe vir hulle lewenstaak. Daarom moet ouers hulle kinders leer om die Bybel te lees en te bestudeer en veral te gehoorsaam.

Ouers kan dit op verskillende maniere doen. Hulle kan 'n gesinstyd rondom die Bybel hê, byvoorbeeld die vader kan 'n Bybelgedeelte hardop aan die gesin voorlees. Dan kan die gesin die gelese Bybelgedeelte met mekaar bespreek. Kinders kan Bybelverse uit hulle kop leer. Op verskillende stadia van ontwikkeling van die kind moet ouers die evangelie aan die kind goed uitlê/verduidelik en hom geleentheid gee om sy hart vir Christus oop te maak en Hom aan te neem as hy dit nog nie vroeër gedoen het nie! As 'n kind oud genoeg is, kan die ouers die kind leer hoe om elke dag self stiltetyd te hou. 'n Gesin kan ook Christus saam in hulle omgewing dien (Jakobus 2:15-17). So kry die kind dieselfde opregte geloof as sy ouers. Ouers moet hulle kinders leer om in hulle geloof te groei en hulle moet hulle geleentheid gee om te leer om God te vertrou. Hulle moet ook hulle eie ervarings met God aan hulle kinders vertel.

4. Leer die kind om selfbeheersing te hê.

Lees 2 Petrus 1:5-6; Spreuke 10:19; 15:1; Efesiërs 4:26.

Ontdek en bespreek. Hoe kan ouers hulle kind oefen om selfbeheersing te hê?

Aantekeninge. 'Selfbeheersing' is die vermoë om jou begeertes, woorde en daede in toom te hou. Ouers moet kinders leer om hulle begeertes, woorde en daede in toom te hou. Ouers moet byvoorbeeld nooit toelaat dat hulle kinders aanhou kerm en kla totdat hulle kry wat hulle wil hê nie. As hulle dit wel doen, sal die kind altyd hierdie metode gebruik om te kry wat hy wil hê!

Spreuke 15:1 sê: "n Sagte antwoord (van die ouer) laat woede (van die kind) bedaar; 'n krenkende woord laat woede ontvlam." En Spreuke 10:19 sê: "Met baie praat (van die ouer) bly die sonde nie uit nie; wie sy woorde tel, is verstandig". Die ouer moet 'n voorbeeld stel hoe om op 'n kalm en rustige manier te praat. En hy moet sy kinders ook leer om op 'n kalm en rustige manier te praat, veral wanneer hy kwaad of omgekrap is.

Sommige kinders druk hulle woede op 'n onbeheersde manier uit: hulle breek dinge gewelddadig, spreek beledigende woorde uit wat gevoelens seermaak, grense van fatsoenlikheid oortree en die reputasie van mense skade aandoen. Verstandige ouers sal hulle kinders ruimte gee om hulle woede uit te druk, maar hulle dan ook help om selfbeheersing aan te leer in hoe hulle aan hul woede uiting mag gee. 'Die leer van woede' illustreer verskillende uitingsvorme van woede, met die slegste vorm aan die onderkant en die beste vorm aan die bokant. (Vergelyk handleiding 4, supplement 17, christelike karakter: Woede en selfbeheersing). Ouers moet hulle kinders selfbeheersing aanleer. Elke keer as die kind kwaad word, moet hulle hom help om aan sy woede op 'n trap hoër uiting te gee. As hy byvoorbeeld gewoonlik sy woede uitdruk met gewelddadige optredes, moet hy die volgende keer probeer om sy woede te beperk tot kwaai woorde sonder gewelddadige optredes. Sy ouers mag hom beloon vir die vordering wat hy maak.

Kinders moet die volgende vyf beginsels m.b.t. woede aanleer:

- Stadig wees om kwaad te word, d.w.s., hom nie deur elke oortreding van stryk laat bring nie of elke oortreding beskou as 'n persoonlike aanval nie (Jakobus 1:19).
- Moenie die kwaad van een dag oordra na die volgende dag nie (Efesiërs 4:26).
- Moenie omgaan met mense (kinders) wat opvlieënd en driftig is nie, sodat hulle nie hulle slegte voorbeeld gaan volg nie (Spreuke 22:24-25).
- Sonder om sy eie woede te onderdruk of te ontken, moet hy op die positiewe kwaliteite van die ander konsentreer (Romeine 12:10).
- Moenie boek hou van die kwaad nie, en geen lys met oortredinge van die ander hou nie (1 Korintiërs 13:5).

5. Leer die kind om verantwoordelikheid te ontwikkel.

Lees Prediker 3:27.

Ontdek en bespreek. Hoe kan ouers hulle kind op 'n praktiese manier verantwoordelikheid aanleer?

Aantekeninge. 'n Deel van die juk wat 'n jongmens moet dra is om verantwoordelikheid vir 'n aantal take te kry en verantwoording te doen oor hoe hy sy verantwoordelikheid nagekom het. Ouers moet hulle kinders steeds meer verantwoordelikhede gee in en buite die huis. Hy moet byvoorbeeld sy slaapkamer netjies en skoon hou. Gee vir hom 'n aantal verantwoordelikhede in die tuin of op die land, in die bedryf of in die fabriek. Leer die kind om verantwoordelik om te gaan met geld en besittings. Leer hom om selfstandig met openbare vervoer te reis. Leer hom om met

verskillende mense en kulture om te gaan. Leer hom hoe om op 'n gepaste manier met die teenoorgestelde geslag om te gaan. Leer hom ook om 'n taak in die gemeente (kerk) op hom te neem.

C. OPLEIDINGSFASES

Onderrig. Die onderrig van die Bybel oor die opvoeding van 'n kind moet prakties toegepas word. Daar is verskillende stadia om die kind op te voed: Ervaring leer dat die eerste vyf jaar van sy lewe die belangrikste vormende jare is. Daarna van sy sesde tot elfde jaar. Hier volg 'n kort oorsig van die vier moontlike opvoedingsfasas tot die elfde jaar van die kind. Onthou dat kultuur, geslag en persoonlikheid verdere verskille teweeg kan bring.

1. Die eerste fase is tot twee jaar.

In hierdie periode is dit belangrik om gehoorsaamheid te leer. Op fisiese vlak leer die kind eetgewoontes, motoriese vaardighede en praat.

2. Die tweede fase is tussen twee en drie jaar.

In hierdie periode stel kinders hulle ouers op die proef om te sien hoe ver hulle kan gaan om hulle eie wil te doen. In hierdie periode is dit belangrik om grense en dissipline te leer. Die ouers moet die kind geborgenheid gee deur goed gedefinieerde grense (beperkings) en deur die kind konsekwent te straf as hy hierdie grense oortree of konsekwent aan te prys as hy hom binne die grense hou. Op emosionele terrein moet die kind geoefen word in sy reaksies (woede/kwaad word) en veral in selfbeheersing. Gedurende hierdie periode het die kind behoefte aan geborgenheid (veiligheid) en liefde. Hy wil dikwels by sy ma wees.

3. Die derde fase is tussen drie en vyf jaar.

(1) Op fisiese terrein. Die kind begin te leer hoe om homself te was en skoon te hou, ens.

(2) Op intellektuele terrein. Die kind vra gedurig "Waarom?" Die ouers moet tyd maak om hierdie vrae goed te beantwoord. Ontwikkel sy houding teenoor nuwe dinge deur te wys op plante, insekte, diere, ens. Lees goeie boeke voor en leer hom om te sing. Doen dinge saam met hom!

(3) Op sosiale terrein. In hierdie periode begin die kind om soiale vaardighede aan te leer, soos mense ontmoet en vriende te maak met sy tydgenote.

(4) Op die terrein van sy persoonlikheid. In hierdie periode begin die kind om verantwoordelikheid aan te leer. Oefen hom byvoorbeeld om sy speelgoed op te ruim, in die huis te help, ens. Gaan steeds voort om hom selfbeheersing aan te leer in die uiting van emosies, veral om aan sy woede/boosheid op 'n gepaste wyse uiting te gee.

(5) Op geestelike terrein. In hierdie periode is dit belangrik dat hy leer om saam met God te loop. Leer hom die evangelie, lees Bybelverhale vir hom voor, leer hom 'n aantal Bybelverse memoriseer, leer hom om te bid en leer hom om te sing.

4. Die vierde fase is tussen ses en elf jaar.

(1) Op fisiese terrein. Dit is die beste periode om hom op te lei in vaardighede in die huis, musikale vaardighede, speletjies speel en sport. Leer die kind die korrekte/ware feite op die gebied van seks en leer hom om goed met geld om te gaan.

(2) Op intellektuele terrein. In hierdie periode hou die kind baie van lees, om dinge te versamel en te reis. Spoor hom aan om goeie boeke te lees, 'n unieke versameling te begin en maak tyd om interessante plekke saam met hom te besoek.

(3) Op sosiale terrein. Dis die beste periode om tradisionele gesinsaktiwiteite te ontwikkel wat die gesin saambind. Kom gereeld as gesin bymekaar om lekker dinge saam te doen, speletjies te speel, lekker uitstappies te onderneem en ander familie of vriende te besoek. Hou nou en dan 'n gesinsvergadering en betrek die kinders in die maak van planne en die neem van besluite, veral in die planne en besluite wat die kind self raak. So leer die kind om sy verstand, wil en emosies te ontwikkel. Dit is ook die beste periode om die kind te betrek by die help van ander mense.

(4) Op die terrein van sy persoonlikheid. In hierdie periode word die uiting van sy emosies sterker en meer kompleks. Die ouer moet steeds aanvaarding uitstraal en 'n sterk band van begrip en liefde met die kind opbou.

(5) Op geestelike terrein. Dit is 'n belangrike periode om die verhouding van die kind met Jesus Christus te ontwikkel en hom geleentheid te gee om met ander Christen-kinders om te gaan. Die gesin moet die Bybel saam lees en bespreek en saam bid. Die ouers moet hulle kind voorberei hoe om ook met nie-Christene en ongelowiges om te gaan. Hulle moet ook die kind op te voed in die waardes en norme vir christelike gedrag. Ouers moet baie gereeld vir hulle kinders bid dat God hulle genade sal gee om die christelike waarhede, waardes en norme tot hulle eie persoonlike oortuiging sal maak.

5	GEBED (8 minute)	<i>[REAKSIES]</i> GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD
----------	------------------	--

Bid saam met mekaar as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) bid en teenoor God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

6	VOORBEREIDING (2 minute)	<i>[OPDRAGTE]</i> VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
----------	--------------------------	---

Deel die voorbereiding vir die volgende keer op 'n stukkie papier uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die studie oor “Opleiding van kinders in die christelike gesin” saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit Lukas 11:29 – 14:35. Maak gebruik van die verkose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memoriserings. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelvers: (4) Konflik hantering. Matteus 5:23-24. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. Johannes 12. Gebruik van die vyf stappe metode.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memoriserings, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.